

4 November Hebreërs 3:7-15; (Teks: 3:13-15)

Daaglikse bekering

Iemand het eenkeer grappenderwys gesê dat aptekers en dominees se werk baie dieselfde is. Aptekers werk met pille en dominees met die Evangelie of te wel die "gos-pil". Hoewel ons hier 'n oulike woordspeling het, is daar ook 'n groot waarheid in hierdie woorde opgesluit. Die Here se Evangelie werk inderdaad in sekere opsigte baie soos 'n kursus antibiotika. Almal weet dat 'n kursus antibiotika baie doeltreffend is as 'n mens die hele kursus voltooi. Die probleem kom wanneer jy voor die einde van die kursus ophou om die pille te drink omdat jy beter begin voel. En as jy dan later weer siek word, werk die antibiotika nie meer so goed as die eerste keer nie. So is dit ook soms met die Evangelie. As jy die Evangelie hoor en hoor totdat die goeie nuus van die Evangelie later vir jou na ou nuus klink en jy jou steeds nie van harte van sonde bekeer nie - dan maak die Evangelie later nie meer 'n indruk op jou nie. Niemand wat die Here se Evangelie hoor, se hart bly onaangeraak nie. Of jou hart word versag en jy bekeer jou, of jou hart verhard en jy sak dieper in jou sonde weg.

As jy volgende keer die Here se Woord hoor en daaruit agterkom dat jy met een of ander sonde besig is - bekeer jou dadelik. Moenie uitstel nie. Volgende keer gaan die Here se Woord bes moontlik minder indruk op jou maak en gaan jy jou nog minder bekeer. Moenie die Heilige Gees wat deur die Woord werk teen staan of bedroef nie.

Ds. D.F. Muller (Komatipoort)